# FARR se gesonde moeder gesonde baba program werp goeie vrugte af



Professor Denis Viljoen (FARR Mediese Spesialis) besig met `n ondersoek.

**GEMSBOK-UPINGTON: FARR ("Foundation for Alcohol Related Research") bied sedert 2016 die Gesonde Moeder Gesonde Baba© (GMGB) Program in Upington aan. Terselfdertyd word ook Bewusmakings- en Opvoedkundige programme rakende die voorkoming van alkohol misbruik en Fetale Alkoholsindroom aangebied. Hierdie programme word befonds deur Distell en in noue samewerking met die Departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling geïmplementeer.**

Die GMGB© Program is beskikbaar vir alle swanger vroue, met die enigste vereiste dat hulle minder as 20 weke swanger moet wees. In hierdie program ontvang die vroue inligting en ondersteuning om hulle te bemagtig om daaglikse uitdagings te bowe te kom, sodat hulle gesonder swangerskappe en ook gesonder babas kan hê.

Honderde swanger vroue het oor die afgelope paar jaar deelgeneem aan hierdie program. Menige getuig hoe die kennis wat hul deur hierdie program opgedoen het, hulle in staat gestel het om gesonder keuses vir hulself en hul ongebore babas te maak. Alhoewel die algehele staking van alkoholgebruik tydens swangerskap een van die kernboodskappe van die intervensie vorm, word menige ander faktore wat spanning gedurende die swangerskap, en in die huishouding, kan veroorsaak ook aangespreek.

Die mediese ondersoek van die babas van die moeders wat deelgeneem het aan die program, vorm `n baie belangrike deel van die intervensie. Dit behels dat die babas vanaf 9 maande ouderdom deur FARR se hoog gekwalifiseerde en gespesialiseerde pediaters ondersoek word om hul algemene gesondheidstoestand te behaal. Gedurende die week van 9 tot 12 November 2020 is 127 babas byvoorbeeld deur Professor Denis Viljoen, bygestaan deur



Professor Denis Viljoen, saam met FARR se Gemeenskapswerkers Annalize Esau, Olivia Daries en Riana Malgas.

van alkohol in die breë aan te moedig. Voorbeelde hiervan is die "ThinkTwice" werkswinkel, wat fokus op alkoholgeletterdheid en verantwoordelike besluitneming, asook die "FAStrap© lewensvaardighede kursus met die klem op, onder andere, die voorkoming van geweld en misbruik. Ten einde kennis en vaardighede onder professionele diensverskaffers te verbreed, bied FARR ook CPD ("Continued Professional Development) geakkrediteerde opleidingprogramme aan opvoeders, gesondheidpersoneel, asook maatskaplike werk personeel aan.



Dr Claude Baily (FARR Mediese Spesialis) in aksie

Vir verder navrae, kan FARR se Hoofuitvoerende Beampte, Dr Leana Olivier by 021-6862645, of info@farrsa.org.za gekontak word. Plaaslik kan die Projekkoordineerder, Me Grace Humphreys, by upington@farrsa.org.za of 0723997948 gekontak word.

Ons volgende besoek aan
KATHU PRIVAAT HOSPITAAL is
Woensdag, 10 Februarie 2021
*Katarak *Gloukoom *Pterygium

*Makulêre Verkalking
*Diabetes (Suikersiekte)
en ander Oogprobleme
*Laser (Vir verminderde bril afhanklikheid)
Vir afsprake
UPINGTON/KATHU: 054 332 3989




KALAHARI KATARAK,
OOG & DAG TEATER
UPINGTON
DR ERHARDT D KIDSON
MB CHB(Stell), Dip OPHTH(SA), FC OPHTH(SA)
OOGSPESIALIS / EYE SURGEON




Dokter Claude Bailey, asook 'n FARR Psigometris, Me Martle Volsloo, ondersoek. Die mediese span was bygestaan deur die baie bekwame FARR Projekspan in Upington, bestaande uit die Projekkoordineerder, Me Grace Humpfreys en die Gemeenskapswerkers Me Annelize Esau, Riana Malgas en Olivia Daries. Die gesondheidstoestand van die babas was puik. Slegs enkele babas het verwysings na die Gesondheidsdienste vir redes soos uitstaande immunisering, voedingsondersteuning, en dies meer benodig.

Behalwe bogenoemde program, bied FARR ook opleiding aan om positiewe ouerleiding en die verantwoordelike gebruik

# Dood in polisie-aanhouding hoog in NK




**GEMSBOK-UPINGTON: Die Noord-Kaap het 'n toename in die aantal aangehoudenes wat hulself in polisie-aanhouding doodmaak, aangeteken.**

Volgens die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat (IPID) het die meeste provinsies in die land 'n afname in die aantal selfmoordslagoffers in polisie-aanhouding gehad, behalwe die Noord-Kaap, Mpumalanga en Limpopo.

Die IPID-jaarverslag vir 2019/2020 dui aan dat toenemende gevalle van dood in polisiebewaring en dood as gevolg van polisieoptrede 'n groot bron van kommer is.

Die verslag dui aan dat die dood as gevolg van polisieoptrede landwyd op 62% was, terwyl die dood in aanhouding op 38% was, met die hoogste toenames in Mpumalanga en die Noord-Kaap.

Sake van aanranding deur die polisie in hierdie provinsies en ander word as 'n groot bron van kommer beskou.

Die verslag van die direktoraat dui aan dat die meeste sake teen die polisie weens aanranding aanhangig gemaak, met 235 sake in die Noord-Kaap en 226 in Noordwes, is.

Die verslag het getoon dat die meeste sake teen die polisie weens aanranding in die Wes-Kaap aangeteken is, gevolg deur Gauteng en KZN.